As ons slim is beplan ons vir die toekoms. (Drie dinge: te vroeg sterwe, te lank lewe, vermoë om te verdien verloor – jy moet jou toekoms *verseker*.) Finas. adv. sê as jy *slim* sal jy dit doen.

In hierdie gelykenis het ons te doen met 'n *slim* man. Hy neem as't ware verskering uit vir die toekoms.

Gelykenis van die oneerlike bestuurder

Dit ly geen twyfel dat hierdie gelykenis weer een van Jesus se "moeilike" gelykenisse is nie. Deur die jare is dit op heelwat verskillende maniere uitgelê. Baie verklaarders het gefokus op die feit dat dit lyk asof Jesus oneerlikheid goedkeur. Hulle het dan baie moeite gedoen om hierdie oneerlikheid te probeer wegverklaar.

Sommige het byvoorbeeld gesê dat die kwytskelding slegs 'n deel van die rente is en nie deel van die kapitaalskuld nie. Ander het weer gesê dat die man slegs 'n deel van sy eie kommissie kwytskeld en dat dit dus glad nie die eienaar se geld is waarmee hy werk nie.

Almal mis eintlik die punt van die gelykenis. Die punt van die gelykenis is egter die vraag: wat is dit wat Jesus eintlik hier goedkeur?

Jesus keur nie sy oneerlikheid goed nie. Jesus sien egter raak dat hierdie man groot vindingrykheid en vernuf aan die dag gelê het om die middele tot sy beskikking te gebruik tot sy eie voordeel. Dit kom baie duidelik na vore in die tweede deel van vers 8: *Die mense van hierdie wêreld tree onder mekaar slimmer op as die mense van die lig.*

Slimmer? In watter opsig?

Hier was 'n man wat besef het dat hy in die moeilikheid is en dat hy dringend iets aan die situasie moes doen. Hy moes planne maak en gou ook. Wat hy doen, is uiters vindingryk en vernuftig – hoewel oneerlik. Die punt is egter nie die oneerlikheid nie, maar die dringendheid van die situasie en die vindingryke en vernuftige manier waarop hy die situasie hanteer.

Jesus se wens is dat sy dissipels

(1) sal besef dat die koninkryk van God ook 'n saak van dringende belang is – en dat dit tydige en effektiewe optrede verg. Ons beleef gewoonlik net ons eie situasie as van dringende belang. As iets ons persoonlike bedreig of as daar 'n geleentheid is waaruit ons persoonlike voordeel kan trek – dan spoor dit dit ons aan tot dringende optrede. Jesus sou egter graag wou hê dat dieselfde soort dringendheid ons ook sal beetpak wanneer bedreigings en geleenthede ten opsigte van die koninkryk hom voordoen.

(2) dat hulle dieselfde soort vindingrykheid en vernuf aan die dag sal lê ten opsigte van die koninkryk as wat hierdie man aan die dag gelê het ten opsigte van sy eie voordeel.
Die koninkryk is immers ons lang-termyn toekoms! As hierdie man so slim was om sy eie bas te red – hoekom kan ons nie ook ons menslike slimmigheid tot voordeel van die koninkryk aanwend nie.

Daar duik telkemale geleenthede op waar dringende, vindingryke en vernuftige optrede van ons kant 'n ryk oes kan lewer.

[Wêreldbeker 2010]

[Lugskou]

[Alpha]

Statistiek:

- Countries *150*
- Languages *45*
- Courses *28,700*
- Attendees *6 million*

Bottom line: moenie net opgewonde raak oor jou selfsugtige belange nie – raak opgewonde oor koninkryksake. Breek los uit jou selfsug en sien die groter prentjie raak. Gebruik intelligensie en vernuf en vindingrykheid in diens van die koninkryk.

Raak slim vir God.